Laerskool Eligwa				
	Vak	NATUURWETENSKAP	**Opsteller**	Mnr P Harding
	Graad	6	**Moderator**	Mnr P van Jaarsveldt
	Kwartaal **Datum**	2 2020/05/05	**Handtekening Moderator**	
	Tydsduur **Punte**	7 periodes _____ 25	**Handtekening Ouer/Voog**	
Naam en Van: _____ **Graad 6** ____				

Waterbesoedeling is 'n ernstige probleem in vandag se lewe en dit het 'n groot invloed op ons as mense, diere en plante. Kies **een** van die volgende bedreigings vir ons water:

- **Onoplosbare stowwe** soos olie, plastiek, ensovoorts.
- **Oplosbare stowwe** soos bemesting, riool, ensovoorts.

Doen navorsing onder die volgende opskrifte:

1) **Oorsake van jou bepaalde bron van besoedeling** – Verduidelik wat veroorsaak dat jou bepaalde bron van besoedeling ons verskeie waterbronne besoedel. (5)
2) **Die positiewe/negatiewe invloed op die omgewing** – Verduidelik volledig die invloed van jou bepaalde besoedlingsbron op mense, diere en plante wat in die omgewing woon. (5)
3) **Waar kom die bronne van besoedeling meestal voor?** – Verduidelik waar jou bron van besoedeling die meeste voorkom regoor die wêreld asook watter tipes watterbronne(riviere, damme, oseane, ens.) die meeste deur jou bron besoedel word. (5)
4) **Hoe kan ons as mense die bedreigings voorkom?** – Verduidelik die moontlike oplossings wat ons as mense kan gebruik om jou bepaalde besoedelingsbron se invloed te beperk of selfs te verwyder. (5)
5) **Algemene netheid kreatiwiteit.** (5)

Die volgende wenke is belangrik wanneer jy die taak voltooi:

- Die taak word **in jou skrif** gedoen dus kan jy **2 tot 6 A4-kleurpapiere** gebruik om jou inligting op te skryf. (Indien geen kleurpapier beskikbaar is nie mag jy die taak op jou lyntjieblaaie in jou skrif voltooi.)
- Inligting **mag nie geplak word nie** – skryf dit netjies en leesbaar oor.
- Lees mooi deur jou navorsing en maak seker dat jy die regte inligting by elke bepaalde vraag/opskrif skryf.
- Jy mag jou ouers, voogde of ander mense vra om jou te help met die navorsing, **maar die skryf werk moet jy self voltooi**!!!
- Gebruik prente om jou metaal en jou verskillende voorwerpe duidelik uit te beeld.
- Werk netjies en doen moeite. ☺